# IGNITE 2

## A passion for change 2019

## Upside down!!

### Inleiding (*welcome)*

Gesels vinnig oor sake in die lewe wat jy graag 180grade sal wil omkeer, sake wat bv andersom beter sal werk (volgens jou opinie...)

Of in ander woorde: wat in die lewe werk glad nie, en dink jy moet heeltemal verander?

### Agtergrond (*word a)*

As Jesus sy bediening op aarde begin is dit met die woorde*:*

***"Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom." – Matteus 4:17***

Of anders gestel:

***"Daar is 'n ander manier waarop jy kan leef wat in jou en die mense rondom jou en die wêreld waarin jy leef 'n baie groter en dieper verskil gaan maak... maar dit gaan van jou vra om heeltemal te verander."***

In die Bergpredikasie gee Jesus vir ons duidelike riglyne of beginsels waarop hierdie nuwe koninkryk gebou is. Ons ken dit. Ons lees dit baie gereeld maar ongelukkig leef ons dit nie altyd nie en juis daarom is vir ons die uitdaging om hiervolgens te begin leef.

**Wat dink julle is die voordele en nadele van elke benadering hieronder?**
**Wat kies jy (en gee jou motivering)?**

a. Om streng volgens wette en reëls te leef, of

b. Om eerder 'n laize-fair benadering te volg waar wette en reëls maar gebuig kan word, of

Is daar nog 'n opsie?

### Skriflesing: Lees Matteus 5:17-20 (*word b)*

- Jesus verwag van sy dissipels dat hulle meer getrou aan die wet moet wees as die Fariseërs of Skrifgeleerdes – wat bekend gestaan het vir hulle wets-gehoorsaamheid – v 20. Die vraag is nou: Hoe gaan ons dit regkry om meer gehoorsaam te wees aan die wet as die Fariseërs?

*(dalk is dit die rede vir gehoorsaamheid wat 'n verskil maak...)*

- **Jesus verwag baie duidelik van ons om erns te maak met sy wet.** Ons mag eenvoudig nie 'n "pick and choose"- gesindheid hê nie. Om dit te verduidelik gebruik Jesus 'n paar voorbeelde waar Hy elke keer hulle uitdaag met die gebruik van die tyd teenoor wat Hy sê.

    - **Lees Matteus 5:21-26: Wat is Jesus se uitdaging hier oor versoening?**

- **Lees Matteus 5:27-30: Wat is Jesus se uitdaging oor egbreuk?**

- **Lees Matteus 5:31-32: Wat is Jesus se uitdaging oor egskeiding?**

  *(hier gaan dit oor allerhande flou verskonings wat mense het om te skei)*

- **Lees Matteus 5:33-37: Wat is Jesus se uitdaging oor die impak van jou beloftes en jou woord?**

- **Lees Matteus 5:38-42: Wat is Jesus se uitdaging oor vergelding?**

- **Lees Matteus 5:43-48: Wat is Jesus se uitdaging oor liefde vir die vyand?**

➲ Die vraag is of ons glo dat Jesus se manier 'n beter manier is**? Hoekom dink julle is dit vir ons so moielik om hierdie opdragte van Jesus uit te voer en so anders te leef?**

➲ Die belangrike punt wat ons moet raaksien en verstaan is **dat Jesus 'n groter mate van toewyding van sy dissipels verwag.** Hy gaan nie die dwarslat sak om dit vir ons so maklik as moontlik te maak om so gemaklik as moontlik te leef nie. Ons moet besef dat as ons Hom wil volg dan verwag Hy van ons om heeltemal anders te dink – teenoorgesteld te dink en te leef. Dit is op hierdie sake wat sy koninkryk gebou is en wat na meer as 2000 jaar nog steeds voortleef!

## Ons uitdaging is: (*works*)

Ons ken hierdie gedeelte baie goed en ons is nie eintlik so nie.

i. Wat kan jy hierdie week doen om meer so te wees?

ii. Wees eerlik oor waarmee jy die meeste sukkel – wat vir jou die moeilikste is.

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.

2. Bid vir die uitdagings van hierdie nuwe jaar

3. Dank die Here vir sy voorbeeld en die uitdaging wat dit vir ons inhou.